'n Welriekende Tuin

deur Hendrien Jacobs

Die tradisie van welriekende plante dateer terug tot die vroegste tuine - selfs so vêr terug as die tuin van Eeden!

Geure en aromas in 'n tuin is sekerlik die mees subtiele element tot die tuinier se beskikking, met die blywendste indruk. 'n Dimensie wat nie ruimte in beslag neem nie maar 'n sensasie wat elke besoeker oorspoel met 'n gevoel van aangenaamheid. Dit is wetenskaplik bewys dat reuke die sterkste sintuiglike waarneming is om in die menslike brein assosiasies van lank vergete herinneringe op te roep. Die mees gewone tuin kan die aantrekkingskrag van 'n geheime romantiek verkry deur hierdie onsigbare genot! Dit is maklik om kleur te definieer maar om aromas te beskryf is haas onmoontlik.

Sekere reuke is onderskeidend bv. rose, jasmyn en bloekom terwyl ander 'n ontwykende samestelling het wat moeilik is om te beskryf. Essensiele olies verskaf aan plante hul unieke aromas en mense ervaar dit ook met verskillende grade van intensiteit. Dit bly egter 'n groot bonus om te beplan vir aromas in strategiese areas in die tuin bv. welriekende paadjies, tuinboë of sitplekke. Die verskeidenheid plante om van te kies is ook eindeloos. Aromatiese geure kan ook afkomstig wees van verskillende dele van die plant soos blare, bas, sade, wortels en blomme. Hoewel 'n groot verskeidenheid lente-blommende plante lekker ruik kan beplan word vir aromas reg deur die jaar. Maak gebruik van plante met geurige loof bv. suurlemoenlaventel, mirte, laventel, 'n groot verskeidenheid ment-geurige kruide en geurige pelargoniums. Deesdae is ook 'n groot verskeidenheid romantiese rose (antico moderno rose) beskikbaar wat gekweek is vir 'n lang blomperiode en wat besonder lekker ruik.

Die geur van jasmyn of 'n roos wat vroegmôre by 'n oop kamervenster inspoel is so spesiaal! 'n Verskuilde sithoekie waar die geur van kanferfoelie of 'n Engelse roos in die lug hang is 'n soete belewenis en nooi jou om te vertoef. Wat kan die gevoel van lente-varsheid meer baldadig uitjubel as die reuk van Wisteria, Philadelphus coronaries ("Mock Orange") of Viburnum burkwoodii! Sekere plante het aangename vars reuke en is ideaal om naby 'n badkamer venster te gebruik bv. Mirte, laventel, ment geure en suurlemoengras. 'n Kruietuin digby die kombuisvenster met geure van suurlemoentiemie, kruisement, basiliekruid en dille sal verseker prikkelend wees vir die innoverende kok!

Aromatiese plante uit die tuin kan handig wees vir oorspronklike geskenke soos aromatiese rome, potpourri sakkies, gegeurde suiker, tee of likeurs. 'n Tussi Mussi van mirt, grasangelier, pienk salvia, miniatuur rosies en "scented geranium" uit jou tuin vir 'n vriendin is net hemels! Manlief kan ook maar weet 'n geurige roos is net die ding om vroulief se hart te laat verkrummel! Boonop het hierdie plante verskeie terapeutiese en genesende gebruike.

'n Paar interressante feite:

- Sekere skoenlappers en motte skei dieselfde reukstof af as die blomme wat hul besoek.
- Wit blomme verteenwoordig die grootste getal welriekende blomme gevolg deur rooi, geel,en pers met blou die minste geurig.
- Blomme wat afhanklik is van voëls vir bestuiwing het geen reuk nie omdat voëls geen reuk sintuig het nie.
- Donkerkoppe het die hoogs ontwikkelde reuksintuig en dat dit feitlik onontwikkeld is by Albino's
- Sommige blomme ruik verskillend in die oggend en aand.